## 30 Desember Psalm 139

### *Verwonder jou oor God*

Wanneer laas het u tyd gemaak om u oor God te verwonder? Om met blink oë en groot oë na die Here te kyk om te bely: "Die Here is darem wonderlik".

Die digter van Psalm 139 verwonder hom oor die Here se persoonlike betrokkenheid by hom as mens. Die Here weet alles. Die Here is orals. Die Here is betrokke by sy skepping as mens. Dit vervul hom met verwondering: "Hoe wonderlik is U gedagtes vir my o Here!"

Ons moet ons hieroor verwonder. Die Here ken ons deur en deur. Hy ken selfs ons gedagtes nog voordat dit woorde word. Hy omsluit ons van alle kante. Hy is nader as die klere aan ons lyf. Hy omring ons.

Die Here is oral. Waar sou ek heen vlug om aan sy teenwoordigheid te ontkom? Na die hemel of in die doderyk? Na die ooste of die weste? Sou die donker my kon wegsteek? Nee - die Here is orals.

Buitendien is Hy by my betrokke van voor my geboorte af. Hy het my aanmekaar geweef diep in die moederskoot en my lewensdae was in sy boek opgeteken nog voordat ek gebore is.

Sy betrokkenheid gaan verder. Dit draai by die kruis op Golgota waar Hy ter wille van my ook sy Seun geoffer het.

Hieroor sal ek my verwonder. Hieroor sal ek op knieë val en bid: "Here, U wat my ken en oral is en van my skepping by my betrokke is deurgrond my o Here, kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad".

Sing: Psalm 139:9, 12 Ds. H.S. Coetzee (Bellville-Oos)